

APOSTOLIES- PROFETIES – HOE KAN GOD SE MENSE GEREEDMAAK VIR 'N EKONOMIESE KRISIS VAN BYBELSE PROPORSIES

Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik
opbou en bemoedig en vertroos. (1 Kor. 14:3)

Inhoudsopgawe

Apostolies-profeties – Hoe kan God se mense gereedmaak vir ’n ekonomiese krisis van Bybelse proporsies.....	2
Inleidend.....	2
Wie is die God wat hier aan die woord is.....	5
Die Here praat gereeld profeties oor ekonomiese krisis met Sy mense	6
Oor die wêreld-ekonomie	7
Relevante Bybelse Raamwerk	9
Die S.A.L.T.-plan.....	12
1. S – Staan vir “SAVE” (wat ek gewoon vertaal met “SPAAR”)	13
2. A – Staan vir “ASSET ALLOCATION” (wat ek vertaal met “HERTOEWYSING VAN BATES”)	15
3. L – Staan vir “LIQUIDITY” (wat ek gewoon vertaal met “LIKIDITEIT VAN ALLE BATES”).....	18
4. T – Staan vir “TRUTH” (wat ek gewoon vertaal met “WAARHEID”)	19
Bylaag 1 – Too Big To Fail Banks Are Now Bigger Than Ever Before.....	20
Bylaag 2 – Dag 170-Dag 173 uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE	24

Apostolies-profeties – Hoe kan God se mense gereedmaak vir 'n ekonomiese krisis van Bybelse proporsies

Inleidend

Die afgelope 20 jaar gebruik die Here my om God se mense uit 'n tradisionele kerklike agtergrond te bedien met die “nuwe wyn” waarvan Jesus Christus self die volgende in Luk. 5:37 en 39 sê: *"En niemand gooi nuwe wyn in ou velsakke nie. As hy dit sou doen, sal die nuwe wyn die velsakke laat oopbars. Dan is die wyn vermors en die sakke daarmee heen.*

Nee, nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word.

En niemand wat ou wyn gedrink het, wil nuwe wyn hê nie, want hy sê: Die oue is goed."

Natuurlik is hierdie “nuwe wyn” niks anders as ou bekende Bybelse waarhede wat nog altyd in die Bybel gestaan het, wat ons, as gevolg van foutiewe tradisionele lering in die kerkstrukture, net nie mooi verstaan het nie. Daarom kom God se Gees en openbaar wat God self werklik vir ons wou sê. En as ons dit hoor en glo, verander dit ons sodanig dat ons nooit weer dieselfde kan dink of wees nie.

Hierdie bediening is dus gewoonlik lerend van aard, waarin ek Skrifgedeeltes moet oopbreek vir mense sodat hulle kan ontdek wat daar werklik in die Bybel staan.

Maar soms gebruik die Here my ook apostolies-profeties. Dit is wanneer God my gebruik om iets van die groter prentjie van waarmee Hy, midde die wêreldgebeure, besig is vir die mense te wys, maar ook profeties te moet sê wat God se hart midde dit alles vir Sy mense in die algemeen of individueel is.

Jou verantwoordelikheid as leser en luisteraar is natuurlik altyd om dit te toets met die 1 Tess. 5:19 tot 22-toets, want as dit werklik van God af is, sal hierdie woord ten minste klop met die Bybelse raamwerk van die geopenbaarde Woord van God soos ons dit in die Bybel het. Natuurlik moet dit ook die ander toetse

vir waarheid slaag waaroor ons al baie keer gesels het as ons praat oor hoe ons God se stem kan onderskei tussen die ander stemme en gepraat.

Die boodskapper: Christo Nel

Kontak my by nchristo@lantic.net

Sel: 082 7702397

Webwerf: www.nuwewyn.co.za

Maak Reg. Maak Gereed.

Die profetiese woord wat ek van die Here ontvang het, kan opgesom word met hierdie vier woorde: MAAK REG. MAAK GEREED.

Maak Reg.

Vroeër vanjaar (Februarie en die maande daarna, 2013) moes ek 'n profetiese boodskap aan elke predikant en professor van alle gereformeerde kerke persoonlik gaan aflewer waarin God vir al hierdie gereformeerde kerke sê: Reformeer ... Weer 'n keer. (Sien my boekie/dokument, REFORMEER ... WEER 'n KEER, hieroor.)

Soos Luther sy 95 stellings op 31 Oktober 1517 gaan vaskap het aan die deure van die kerk in Wittenberg, moes ek op hierdie manier dit waarvan ek oortuig geraak het, gaan “vaskap” aan die deure van alle kerke uit die Reformasie, maar ook aan die deure van die res van die Ekklesia, om hulle uit te daag om weer opnuut te gaan soek na die volle waarheid van die Skrif, en dit alleen.

Vandag weet ons uit baie historiese dokumente dat die Reformatore van destyds, ten spyte van wat hulle geweet het in die Skrif staan, doelbewus gekies het om nie die volle waarheid deel te maak van hulle boodskap tydens die Reformasie nie.

Daarom daag God ons opnuut uit om by Sy voete te kom sit, met net Sy Woord in ons hande en om Hom te vertrou om ons opnuut te leer wat die volle waarheid is rondom ...

- Wie werklik deel is van die Kerk van Jesus Christus

- Die doop as bediening aan gelowiges alleen
- Die plek, werk en gawes van die Heilige Gees in die midde van Sy Nuwe Verbond-geloofsgemeenskap, die Kerk van Jesus Christus

“Reformeer” het nog altyd in ons geledere in die eerste plek beteken “terug na die Skrif en die Skrif alleen”.

Dit is hoog tyd dat ons weer erns maak aan die voete van Jesus om die Bybelse waarhede nuut te probeer verwoord in die lig van die volle Boodskap van die Skrif en die Nuwe Verbondsverhouding wat Christus Jesus vir ons deur Sy doop en opstanding bewerk het, met God se Gees wat in en op Sy mense is. En dan dink ek spesifiek aan Bybelse waarhede soos ...

- “sola fide”, geregtigheid deur geloof alleen
- “sola gratia”, verlossing deur God se genade alleen
- “sola scriptura”, die Bybel alleen is ons finale toets vir waarheid en vir ons geloof en geloofslewe
- “solus Christus”, ons finale en totale verlossing berus geheel en al op Christus se gedane verlossings- en versoeningswerk
- “Soli Deo gloria”, aan God alleen kom toe die lof en eer wat reeds voor die grondlegging van die wêreld Sy finale verlossings- en herstelplan vir ’n mensdom en Sy wêreld bedink en beplan het.

Mag God ons weer die waagmoed gee om hiermee erns te maak.

(Die boekie, *Reformeer ... Weer ’n Keer*, is in 2013 deur die skrywer, C. A. Nel in Somerset-Wes gepubliseer)

Maak Gereed.

Dit is nou Oktober 2013 en die maand waarin profetiese stemme van oral oor die wêreld profeties aangekondig het, dié maand gaan wees waarop eerste druppels van die herlewing wat, soos destyds in 1860-61 in Andrew Murray se tyd, weer hier in die Kaap gaan begin en oor die land gaan val en daarna in die hele Afrika en selfs oor die hele wêreld.

Sedert my skrywe van die profetiese boekie namens Jan Silvis oor die ineenstorting van die wêreld ekonomie , wat deur die gebeure in Amerika sy

momentum gaan kry, het ek geweet daar kom 'n dag waar ek meer hieroor moet skryf.

Sowat twee jaar gelede het my goeie vriend en gerespekteerde profetiese stem, Jan Strydom, Visie President vir Career Development by Crown Financial Ministries, die boekie van Chuck Bentley, THE S.A.L.T. PLAN, op my tafel kom neersit.

Maar ek het dit nie dadelik gelees nie.

Dit was eers toe God die afgelope maand met my begin praat het hieroor, dat Hy my weer herinner het aan daardie boekie en gesê ek moet dit deel maak van hierdie profetiese woord as die praktiese raad aan Sy mense hieroor.

God se profetiese woord aan Sy mense was: “Hier kom 'n buitengewone wêreldwye ineenstorting van die ekonomie. Maak gereed daarvoor terwyl daar nog tyd is. Maar moenie bang wees of vrees nie. Ek is julle Here.”

Wie is die God wat hier aan die woord is

Voordat ons verder gesels oor die profetiese woord, kom ons kyk en dink net 'n oomblik oor die God wat hier aan die woord is.

Dit is die God wat ek en jy as lede van die Nuwe Verbond-geloofsgemeenskap (of Kerk/Ekklesia van Jesus Christus) leer ken het in Christus Jesus, ons Here en Verlosser. Wat ons lief hét en belowe het om vir ons ten alle tye 'n Vader te wees.

Sy Woord en Sy beloftes is ewig geldend en Hy is en bly getrou daaraan.

Dit is Hy wat in Mat. 6:33,34 aan ons belowe: “*Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.*”

Dit is Hy van wie Paulus onder die inspirasie van die Gees getuig: “*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.*” (Fil. 4:19)

Dit is Hy wat kos kan vermeerder en storms kan stilmaak.

Dit is Hy wat ons leer ken het in die Ou Testament as die God wat selfs vir Sy ontroue, ongehoorsame volk vir veertig jaar in die woestyn kon sorg sodat hulle elke dag daar genoeg kon hê om te eet en te drink.

Luister hoe getuig Moses hieroor: *“Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en jou voete het nie geswel nie.”* (Deut. 8:4)

Dit is hierdie God wat Sy mense so lief hét dat Hy hulle selfs waarsku oor uitdagings wat voorlê om hulle geleentheid te gee om voor te berei, maar ook om hulle te bemoedig en te vertroos met die wete dat wat ook al voorlê, ons stap daarheen terwyl hierdie wonderlike God in en by ons is as Sy kinders.

Hy sal ons nooit verlaat of nooit alleen laat nie. Hy is by ons en nader aan ons as wat ons arm aan ons is.

Daarom hoef ons nie te vrees of bekommerd te wees nie. Want Hy is in beheer.

Daarom, as Hy ons dus waarsku oor die uitdagings wat in die Babiloniese sisteme van die wêreld gaan plaasvind, wat ons almal se lewens ingrypend gaan raak, kan ons nóg steeds as Sy mense oor Hom sing: Loof die Here. Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie.

Die Here praat gereeld profeties oor ekonomiese krisis met Sy mense

Blaai 'n mens deur die Skrif, tref dit jou om gereeld raak te lees oor hoeveel keer God met Sy mense oor ekonomiese krisistye gepraat het.

Dink maar net aan Gen. 41, toe die Here Josef gebruik het om die wêreld rondom hom voor te berei in die lig van 'n ekonomiese ramp wat op pad was in die vorm van 'n droogte van 7 jaar.

En dan was daar 1 Kon. 18 se gebeure, ook ten tye van 'n droogte, toe God sy profeet, Elia, voorberei het hoe om te oorleef ten tye daarvan.

In Hand. 11 waarsku God Sy vroeë gemeentes dat 'n droogte op pad is deur die profeet, Agabus.

En dan is daar die bekende profetiese woord van Openbaring 17 tot 21 onder andere hieroor. Gaan lees gerus wat ek hieroor van die Here ontvang het in my boek, DIE STORIE AGTER DIE STORIE en spesifiek die gedeeltes van Dag 170 tot 173. (Bygevoeg by hierdie dokument as BYLAAG 2).

- Daar in Op. 17 word die prostituut op haar reis beskryf
- Op. 18 waarsku dat hierdie seepbel gaan bars
- Op. 19 tot 21 vertel ons van die Bruidegom wat midde dit alles, besig is om Sy Bruid gereed te maak vir daardie groot dag
- En dan is daar Op. 20 wat die vrede midde al hierdie chaos beskryf, want Christus Jesus het reeds die magte wat hier stry, oorwin

Oor die wêreld-ekonomie

Deut. 30: 15-20 - *"Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou.*

As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy geboorte, sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.

Maar ek verkondig vandag aan julle: As jy van die Here af wegdraai en Hom nie gehoorsaam nie en as jy jou laat verlei om ander gode te vereer en te dien, sal julle almal omkom; julle sal nie lank bly woon in die land wat jy in besit gaan neem sodra jy deur die Jordaan getrek het nie.

Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe.

Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee ...

Ek is oortuig dat om deel te wees van God se Nuwe Verbond-geloofsgemeenskap (die ware Bybelse Kerk/Ekklesia) ten minste beteken dat God self in jou woon deur Sy Gees. En Hy woon daar om die werk wat Hy in jou begin het te voltooi en om met jou op 'n daaglikse basis te praat. Hy wil jou lei deur Sy stem, het Jesus immers belowe (Joh. 10:3-5).

Ek is verder oortuig dat God deur die gawe van profesie ons meer en meer wil bedien en wil lei (volgens 1 Kor. 14)

Maar dan ook deur die “gawe” van die profeet, oor wie ’n vers soos Amos 3:7 die volgende sê: *“Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie.”*

Daarom het ek ’n geweldige verwagting dat God oor alles en nog wat met Sy mense gaan praat.

Ek is geen kenner van die ekonomie nie. Inteendeel. Maar tog het die Here my al by geleentheid gebruik om Sy tuinslang te wees om Sy profetiese stem te wees in die verband.

Baie van julle sal onthou hoe die Here my gebruik het as die tuinslang om in Januarie 2007 die profetiese woord van dr. Jan Silvis (wat intussen oorlede is), ’n kenner en student van wêreld ekonomiese tendense, in die gepubliseerde dokument, COLLAPSE OF THE GLOBAL MONEY SYSTEM, te skryf en te publiseer.

Ek hoef vir die meeste van julle nie daaraan te herinner dat dit wat in daardie dokument in Januarie 2007 geskryf was, net so gebeur het in 2008 en wat daarna gevolg het nie.

Intussen het baie water in die see geloop en het menige publikasies verskyn wat waarsku dat die gebeure van 2008 net die begin was van ’n nog groter ekonomiese ineenstorting van die hele wêreld ekonomie wat gaan volg.

(Gaan lees maar boeke soos AFTERSHOCK, deur David Wiedemer, Robert Wiedemer en Cindy Spitzer, wat in 2011 gepubliseer is deur John Wiley & Sons, Inc. Hoboken, New Jersey). Loer ook sommer na die artikel wat ek as BYLAAG 1 by hierdie skrywe aangeheg het.

Ek beleef die Here het my ook uitgedaag om die profetiese woord van Chuck Bentley, die uitvoerende hoof van Crown Financial Ministries, in sy boekie, THE S.A.L.T. PLAN, aan Sy kinders in wie se lewens ek sê het, te bedien as Sy tuinslang.

(Vir diegene wat in die boekie self belangstel, hier is die volledige gegewens daarvan: Chuch Bentley. 2011. THE S.A.L.T. PLAN. Crown Financial Ministries. Inc.)

Daarom wil ek sommer hier in die begin sê dat geen gedeelte van die S.A.L.T.-Plan my eie gedagtes is nie. Die res is wel wat ek gehoor het die Here self deur hierdie profetiese woord aan ons sê.

Relevante Bybelse Raamwerk

Die Gees waarsku die volgeling van Jesus teen drie vyande wat alles in hulle vermoë gaan doen om sy/haar intieme liefdesverhouding met Jesus Christus te belemmer of te verbreek as dit moontlik was. Hulle is:

- Die mens se eie ego of ou vlees-natuur (lees maar Skrifgedeeltes soos Mrk. 7:20-23; Gal. 5:19-21; Mat. 12:33-37; Mrk. 8:34-37; Rom. 7:15-24 hieroor.) Die oplossing daarvoor is 'n lewe totaal onder die beheer van die Gees, wat deur jou die lewe van Jesus onbelemmerd kan leef. (Gal. 2:19-21; 5:16-25; 6:14; Rom. 8:1-14; 6:6,11-14; Ef. 4:22-24; Tit. 2:11-12; Fil. 2:3-5; Jak. 4:6, 16-17; Kol. 2:11-14.)
- Satan en sy demoniese magte (1 Pet. 5:8; Mat. 13:19, 38; 16:23; Mrk. 8:33; Joh. 8:44; 13:2; 14:30; 2 Kor. 4:4; 11:14; Ef. 2:2; 6:12; 1 Tess. 3:5; Op. 12:9). Die oplossing hiervoor is Mat. 6:13; Ef. 6:8-10; Jak. 4:7; 1 Joh. 3:8; 5:18-19; 1 Pet. 5:8-9; 2 Kor. 2:10-11; Ef. 4:26-27; Rom. 16:19,20; Luk. 22:31,32, 40; 2 Tim. 2:26; 2 Tess. 3:3.
- Die wêreld en die wêreldstelsel (ook genaamd Babilon) (1 Joh. 2:15-17; Mrk. 4:18,19; Jak. 1:14,15; 4:1-10; 4:13-17). Ons oplossing en redding hiervan is Mat. 4:8-10; 6:19-20; Joh. 17:15-16; Tit. 2:11,12; Jak. 1:12; 1 Kor. 10:12-13; Gal. 6:14.

Geld en besittings speel in al 3 gevalle 'n geweldige rol. Mat. 6:24 is dus 'n belangrike vers om oor te mediteer in die verband.

Ons ego of ou vlees-natuur is die een wat die deur in ons lewens oopmaak vir Satan en sy magte om deur die wêreld en die wêreldstelsel op allerlei wyses 'n houvas op ons te kry as gelowiges.

Ek beleef die Here waarsku ons teen gierigheid en vrees wat kragtige magte is waarmee die vyand en Mammon nie net die ongelowige wêreld nie, maar ook, tragies, God se mense se harte mee manipuleer en beheer.

Daarom kan jy maar gerus weer met gedeeltes soos Mat. 6:19-24; 6:25-33; Luk. 14:26-33; 16:1-31; Jak. 4:1-10; 5:1-6 aan die voete van Jesus gaan erns maak.

Een van my sakeman -vriende sê altyd dat die rede waarom die Here spesifiek Mammon as demoniese mag by die naam noem en Sy mense daarteen waarsku, is omdat Mammon kompeteer met God vir die mens se hart. Daarom sê Jesus: *“Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie... Julle kan nie God en Mammon dien nie.”* (Mat. 6:24)

Dan is daar natuurlik God se hart vir ons, soos dit daar in Mat. 22:37-39 staan: *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.*

Dit is die grootste en die eerste gebod.

En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’”

In Rom. 13:8-12 staan dit so:

“Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens lief hê, voer die hele wet van God uit.

Al die gebooe: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,’ of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.

En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het.

Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.”

Daarom sê God se Gees daar in Jak. 2:14-17: *“Wat help dit, my broers, as iemand beweert dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so ‘n geloof ‘n mens red?”*

Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,' maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?

So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daad oorgaan nie, is dit sonder meer dood."

Omdat selfsug, eiebelang en egoïsme so sentraal staan in hierdie aangeleentheid, is God se woord hieroor die bekende Gal. 2:19-21.

Ek wil graag THE MESSAGE se vertaling hiervan hier weergee:

"What actually took place is this: I tried keeping rules and working my head off to please God, and it didn't work.

So I quit being a "law man" so that I could be God's man.

Christ's life showed me how, and enabled me to do it.

I identified myself completely with him. Indeed, I have been crucified with Christ.

My ego is no longer central. It is no longer important that I appear righteous before you or have your good opinion, and I am no longer driven to impress God.

Christ lives in me. The life you see me living is not "mine," but it is lived by faith in the Son of God, who loved me and gave himself for me. I am not going to go back on that.

Is it not clear to you that to go back to that old rule-keeping, peer-pleasing religion would be an abandonment of everything personal and free in my relationship with God?

I refuse to do that, to repudiate God's grace.

If a living relationship with God could come by rule-keeping, then Christ died unnecessarily."

Kou 'n bietjie met groot erns hieraan daar aan die voete van Jesus.

Die S.A.L.T.-plan

Chuck Bentley, die Uitvoerende Bestuurder van Crown Financial Ministries, die grootste Christelike finansiële bediening in die wêreld, is die skrywer van die boek, SURVIVING THE AFTERSHOCK, maar ook die skrywer van die boekie, THE S.A.L.T. PLAN, wat ek beleef ek hier moet gebruik as die praktiese riglyne vir God se mense om hulle voor te berei met die oog op hierdie buitengewone wêreldwye ekonomiese krisis wat op die horison lê en wink.

(Vir diegene wat in die boekie self belangstel, hier is die volledige gegewens daarvan: Chuch Bentley. 2011. THE S.A.L.T. PLAN. Crown Financial Ministries. Inc.)

In die S.A.L.T. PLAN staan die Engelse anagram SALT vir die volgende in Engelse woorde:

S – Staam vir “SAVE” (wat ek gewoon vertaal met “SPAAR”)

A – Staam vir “ASSET ALLOCATION” (wat ek gewoon vertaal met “HERTOEWYSING VAN BATES”)

L – Staam vir “LIQUIDITY” (wat ek gewoon vertaal met “LIKIDITEIT VAN ALLE BATES”)

T – Staam vir “TRUTH” (wat ek gewoon vertaal met “WAARHEID”)

God waarsku profeties uit alle oorde teen ’n wêreld ekonomiese ineenstorting wat in die baie nabye toekoms dreig.

Onthou wat die hart van profesie in die algemeen is: dit is nie om ons bang te maak of in “bunkers” te jaag nie. Nee, dit is om ons verantwoordelik te bemoedig, te versterk (of voor te berei) en te vertroos.

God is ook hier besig en Sy hart is om ons ook hiervoor strategies voor te berei om werklik “sout” en “lig” te wees, maar ook om in liefde mekaar en ander met die waarheid te bedien.

Ons is immers geroep om God se ambassadeurs en bestuurders te wees met die oog op God se Koninkryk wat moet kom.

Die wêreld rondom ons wil ons oortuig dat die ergste verby is en dat daar geen rede vir kommer is nie, terwyl almal maar net vir hulleself en hulle eie mense veg.

Daarom verskil die S.A.L.T.-plan geheel en al van wat die wêreld ons tans aanbied.

Dit is bedoel om God se mense voor te berei op die uitdagings wat op pad is.

Daarom gaan ons aan elkeen van hierdie strategiese elemente detail-aandag gee, want verantwoordelike profetiese optrede sluit al 4 elemente in.

1. S – Staan vir “SAVE” (wat ek gewoon vertaal met “SPAAR”)

Dat ’n verantwoordelike spaarplan deel moet wees van enige persoonlike en besigheidsbegroting gaan ek nie hier probeer beredeneer nie. Ek aanvaar dit bloot as vanselfsprekend.

Die vraag is natuurlik: Hoeveel moet ’n mens spaar om verantwoordelik te spaar?

Luister jy na Crown se leringe aan gelowiges, is die normale spaar-beginsel wat hulle aan gelowiges voorhou, dit naamlik om te spaar om ten minste ’n maand se normale uitgawes te dek met jou spaargeld, tot jy uiteindelik vir 3 maande se normale uitgawes voorsiening maak in jou spaargeld.

Alhoewel ons almal se hart en gebede is dat hierdie katastrofiese ekonomiese ineenstorting van die wêreld ekonomie so vêr moontlik in die toekoms verskuif kan word, of selfs totaal vermy kan word, glo ek die Here wil hê dat Sy mense hulle daarop met verantwoordelikheid moet voorberei.

Ja, dat ons moet spaar soos God Josef gewys het om dit deel te maak van sy strategiese voorbereiding met die oog op 7 jaar droogte, naamlik dat ons ten minste 20% van ons inkomste sal spaar met die oog op wat kom.

Die doelwit is om te spaar totdat jy in staat is om voorsiening te maak vir ten minste 16 tot 18 maande se bestaan vir jou en jou geliefdes midde so ’n krisis, sonder dat jy enige inkomste van elders hoef te ontvang.

Waarom vir so lank?

Want die moontlikheid is baie groot dat die meeste mense hulle werk en dus 'n vaste maandelikse inkomste gaan verloor omdat besighede en maatskappye aanvanklik eenvoudig nie genoeg kontant gaan hê om al hulle werkers te behou nie.

Hierdie 20% spaargeld moet kom uit jou inkomste nadat jy al die normale dinge betaal het, soos belasting, voedsel, alle rekeninge en skuldafbetaling, asook dit wat jy gee vir die koms van God se Koninkryk.

Natuurlik gaan dit 'n geweldige stuk dissipline en selfbeheersing vra.

Maar omdat selfbeheersing deel is van die vrug van die Gees, kan jy, onder die beheer van die Gees, as jy oortuig is dat dit God se wil is vir nou vir Sy kinders, dit regkry.

Deel van hierdie gedissiplineerde lewenstyl sal ook dinge soos die volgende insluit:

- Om 'n tuin aan te lê en te begin om jou eie groente en vrugte te kweek. Bottel die oorfloed. En betrek jou kinders hierby.
- Hou gedurig boek van alle uitgawes en beperk alle impulsiewe aankope.
- Dissiplineer julle self om ten minste 30 dae te wag en rond te kyk na die beste opsies wat om te koop as daar iets groot aangekoop moet word.
- Gaan uit julle pad om op die daaglikse gebruik in die huis en gesin te bespaar waar moontlik, sy dit water, krag of sekere essensiële dienste.
- Beplan alle ritte om dit so goed moontlik te benut.
- Span saam met families en vriende om in grootmaat te koop waar moontlik.
- Spandeer so min moontlik aan ontspanning en uiteet.
- Kyk wat jy alles self kan doen sonder om enige onnodige geld op dienste van buite te spandeer.
- Moenie skroom om eerder goeie gebruikte goedere aan te koop in plaas van nuwes nie (veral wat motors en ander voertuie betref).

- Gebruik 'n stelsel van koeverte met kontant om jou te help beplan en begroot vir sekere maandelikse uitgawes.
- Bewaar ten minste 'n maand se kontant êrens veilig.
- Dink mooi oor die bankdienste en bank wat jy gebruik. Laat die Here jou ook hierin lei.

Kom ons dink vir 'n oomblik oor enige skuld wat jy nog mag hê.

Onthou wat daar in Spr. 22:7 staan: *“Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.”*

Beplan om doelbewus enige skuld wat jy mag hê met groot verantwoordelikheid af te betaal so gou moontlik. Begin om daar waar jy die minste skuld het, of die meeste rentes betaal, eerste af te betaal.

Met die rentekoerse waar hulle tans staan, moet gelowiges wat nog skuld op hulle huislening het, dalk oorweeg om net die gewone maandelikse betaling te maak op hulle lening en dit wat hulle dalk ekstra op hulle huislening sou afbetaal het, eerder as kontant eenkant te hou met die oog op so 'n drastiese ekonomiese krisis.

Ten slotte, oor hierdie aspek, glo ek dat van die beste metodes om te spaar juis is om vir die koms van die Koninkryk van God te gee wat en wanneer God jou aansê om te gee.

Dit is immers soos om in 'n hemelse bankrekening te belê waar mot of roes nie kan kom en diewe nie dit kan steel nie. (Vgl. gedeeltes soos Luk. 16:9-13; Mat. 6:19-21 in die verband).

2. A – Staans vir “ASSET ALLOCATION” (wat ek vertaal met “HERTOEWYSING VAN BATES”)

Die idioom praat van om nie al jou eiers in een mandjie te sit nie.

Nou ja, “hertoewysing van bates” gaan spesifiek daarvoor om jou bates in verskillende mandjies te sit, om hulle so te beskerm teen die gevolge tydens so 'n groot ekonomiese gebeure.

'n Goeie beginsel sal wees om nie meer as 12 tot 15 % van jou totale bates in een of ander belegging of “mandjie” te plaas nie. As die een belegging dalk in die proses sy waarde verloor, kan die ander een se waarde dalk styg.

Wat word bedoel met “bates”?

Dit is eenvoudig alles wat 'n positiewe ekonomiese waarde het, sy dit 'n stuk grond of 'n motor wat klaar afbetaal is, die positiewe saldo van 'n spaarrekening, 'n annuïteit en die kontantwaarde van 'n polis. Jou werk/beroep/vaardighede en spesifiek die inkomste wat jy daarmee verdien is ook 'n besliste bate.

Oor waar of waarin 'n mens jou geld moet belê met die oog op so 'n ekonomiese krisis, is 'n uiters ingewikkelde vraag en is iets wat jy met wyse finansiële raadgewers moet bespreek wat iets verstaan van die moontlikheid van so 'n dramatiese ekonomiese krisis en wat aan die gebeur is.

Hier kan jy dalk kyk na goud en ander edel metale, kort en langtermyn lenings, energie-aandele, groeiende markte, ens.

Daar in Prediker sê die Prediker: “Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie.” (Pred. 11:6)

Gedurende so 'n krisis tyd sal dit baie noodsaaklik vir die meeste van ons wees om ten minste twee verskeie soorte werke/beroepe te beoefen. Daardie belangstelling/vaardigheid van jou kan in hierdie tyd na-ure dalk 'n baie belangrike inkomste vir julle as gesin inbring.

So ook 'n familie-besigheid.

'n Paar algemene beginsels om in ag te neem waarheen jy jou bates moet allokeer ...

- Om altyd te sorg dat jy genoeg kontant beskikbaar het ingeval die banke sneuwel, is baie belangrik. Oorweeg selfs om van hierdie kontant in 'n ander geldeenheid te hê
- Aandele wat gewoonlik gereeld goeie dividende uitbetaal is van die aandele waarin jy moet belê

- Kry goeie, gebalanseerde wyse raad by verskillende raadgewers oor die waar en in wat jy moet belê
- Wees sensitief vir God se stem om jou die hele tyd te lei in hierdie proses. Onthou, geen mens weet verseker wat die toekoms gaan oplewer nie.

Om te sorg dat daar genoeg voedsel en water is, is lewensbelangrik!

In ons moderne wêreld neem ons water uit 'n kraan as vanselfsprekend, maar kan jy jouself indink in 'n situasie waar munisipale dienste vir weke, selfs maande onderbreek word. Daarom moet elke gesin begin besin hoe om te sorg dat daar elke dag vir hulle genoeg water is. Miskien moet jy 'n boorgat boor, of tenks oprig om die reënwater op te vang. Dink hoe kan bure saam hande vat hiër rondom.

Wat kos betref, glo ek dat die meeste van ons moet begin om ons eie groente en kos te plant en te kweek.

En as jy toegang daartoe het, begin saam met ander jou eie hoenders, beeste, skape, bokke en varke aanhou.

Mense naby die see en riviere kan begin visvang en leer hoe om daar genoeg kos te kry wat jou en jou gesin kan help om te oorleef vir lang tye.

Van die vroegste tye af bêre mense 'n voorraad voedsel vir daardie krisistye wat soms kan opduik. En dit raak noodsaaklik vir elke gesin om te gaan besin oor wat hulle moet stoor vir daardie uitdagende ekonomiese krisistye. Dinge soos proteïene in die vorm van gedroogte vleis/biltong, geblikte vleis en vis, droë of geblikte bone, geblikte en gedroogte vrugte en groente, neute in alle vorme.

Maak ook voorsiening vir koolhidrate, deur grane, meel, rys, aartappels en patats te stoor.

Sorg vir genoeg skoon drinkwater.

En vir voedselaanvullings en multivitamiene.

En verskeie blikoepmakers.

Sorg ook vir 'n gasstoof en vol gasbottels, plus gaslampe en kerse, plus flitse, batterye en vuurhoutjies.

3. L – Staar vir “LIQUIDITY” (wat ek gewoon vertaal met “LIKIDITEIT VAN ALLE BATES”)

Ons is so verknog aan ons goed. Wat hierdie punt betref, daag God ons uit om weer opnuut te besef dat niks eintlik ons “eie goed” is nie, maar alles net geleen is vir ’n tyd. Ons is op reis hier op aarde en ons moet leer om lig te reis.

Likiditeit gaan daaroor dat ons die vermoë ontwikkel om al ons bates in ’n oogwink om te skakel in kontant of iets ekwivalent daaraan indien nodig.

Dit is daardie selfde beginsel waarmee Abraham moes worstel toe God hom daar in Gen. 12:1 die volgende opdrag gegee het: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys."

Op 75 jaar oud moes hy so gou moontlik mobiel word, besluit wat gaan hy saamneem en in watter vorm.

En toe weer in Gen. 12:10 toe daar ’n droogte uitbreek in die nuwe land en hy vir ’n tyd Egipte toe moes verhuis.

Daar kan baie redes wees waarom die Here dit dalk ook van jou vra in die toekoms:

- A.g.v. ’n gebrek aan werksgeleenthede in jou area
- Te veel misdaad
- God roep jou en gee vir jou ’n ander sending
- Om jou gesin te versorg midde die uitdagings
- Om nader aan ’n familie gelowiges te wees
- A.g.v. jou gesondheid
- Om dalk jou lewenskoste te verminder
- Om nader aan vars water, sonskyn en die natuur te wees waar jy makliker kan oorleef
- ’n Trek oorsee vir werk of om te gaan doen wat God jou aangesê het om te doen

Kies dus doelbewus om God onvoorwaardelik te gehoorsaam.

Gaan sit die eienaarskap van alles wat God jou en jou mense genadig geskenk het aan God se voete neer en luister mooi wat Hy as die Eienaar wil hê jy as Sy bankbestuurder met Sy bates moet doen.

4. T – Staans vir “TRUTH” (wat ek gewoon vertaal met “WAARHEID”)

Tot hier het ons aandag gegee aan ons fisiese voorbereiding met die oog op ’n buitengewone ekonomiese krisistyd.

In hierdie gedeelte gaan dit oor Waarheid met ’n hoofletter, m.a.w. oor wat God se hart en wil is.

Dit gaan oor daardie dinge waarvoor Paulus die volgende in 1 Tim. 4:6-8 sê: *“As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ’n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy ’n aanhanger geword het.*

Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liever om in toewyding aan God te lewe.

Om jou liggaam te oefen, het wel ’n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat ’n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.”

Daarom gaan dit hier ten minste oor die volgende beginsels uit die Skrif:

- Sorg vir jou familie eerste en dan daarna vir ander. Dit is immers wat daar in 1 Tim. 5:8 staan: *“As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ’n ongelowige.”*
- Kies weer opnuut om God boweal te gehoorsaam, Hom te vertrou en Sy leiding te volg (Ps. 55:22; Spr. 11:28).
- God is die enigste ware Sekuriteit en betroubare Versorger in ons lewe. (Heb. 13:5-6)
- ’n Finansiële krisis van uiterste proporsies kan een van die grootste geleenthede wees vir die Koninkryk van God om te kom en vir mense om hulle saak met God reg te maak. (Ps. 78:34)

- Sommige mense sal paniekerig raak en vrees sal soos 'n veldbrand oor die wêreld versprei. Selfs God se mense sal tot die uiterste getoets word in hierdie tyd. Maar God se hart vir Sy mense is dat hulle weer opnuut sal kies om net Hom te vertrou vir hulle mees basiese behoeftes en vir Sy ingrype.
- God se plan vir Sy mense op aarde is dat hulle weer sal ontdek dat hulle een reuse wêreldwye familie is en bedoel is om na mekaar om te sien, eers hier in ons nabye geloof familie, dan wyer en wyer. (Jak. 2; 1 Joh. 3-4; Rom. 13:8 e.v.)

Bylaag 1 – Too Big To Fail Banks Are Now Bigger Than Ever Before

The too big to fail banks are now much, much larger than they were the last time they caused so much trouble. The six largest banks in the United States have gotten 37 percent larger over the past five years.

Meanwhile, 1,400 smaller banks have disappeared from the banking industry during that time. What this means is that the health of JPMorgan Chase, Bank of America, Citigroup, Wells Fargo, Goldman Sachs and Morgan Stanley is more critical to the U.S. economy than ever before.

If they were "too big to fail" back in 2008, then now they must be "too colossal to collapse". Without these banks, we do not have an economy. The six largest banks control 67 percent of all U.S. banking assets, and Bank of America accounted for about a third of all business loans by itself last year.

Our entire economy is based on credit, and these giant banks are at the very core of our system of credit. If these banks were to collapse, a brutal economic depression would be guaranteed.

Unfortunately, as you will see later in this article, these banks did not learn anything from 2008 and are being exceedingly reckless. They are counting on the rest of us bailing them out if something goes wrong, but that might not happen next time around.

Ever since the financial crisis of 2008, our politicians have been running around proclaiming that they will not rest until they have fixed "the too big to fail problem", but instead of fixing it those banks have rapidly gotten even larger. Just check out the following figures which come from the Los Angeles Times...

Just before the financial crisis hit, Wells Fargo & Co. had \$609 billion in assets. Now it has \$1.4 trillion. Bank of America Corp. had \$1.7 trillion in assets. That's up to \$2.1 trillion.

And the assets of JPMorgan Chase & Co., the nation's biggest bank, have ballooned to \$2.4 trillion from \$1.8 trillion.

We are witnessing a consolidation of the banking industry that is absolutely stunning. Hundreds of smaller banks have been swallowed up by these behemoths, and millions of Americans are finding that they have to deal with these banking giants whether they like it or not.

Even though all they do is move money around, these banks have become the core of our economic system, and they are growing at an astounding pace. The following numbers come from a recent CNN article...

- The assets of the six largest banks in the United States have grown by 37 percent over the past five years.
- The U.S. banking system has 14.4 trillion dollars in total assets. The six largest banks now account for 67 percent of those assets and the other 6,934 banks account for only 33 percent of those assets.
- Approximately 1,400 smaller banks have disappeared over the past five years.
- JPMorgan Chase is roughly the size of the entire British economy.
- The four largest banks have more than a million employees combined.
- The five largest banks account for 42 percent of all loans in the United States.

As I discussed above, without these giant banks there is no economy. We should have never, ever allowed this to happen, but now that it has happened it is imperative that the American people understand this. The power of these banks is absolutely overwhelming...

One third of all business loans this year were made by Bank of America. Wells Fargo funds nearly a quarter of all mortgage loans.

And held in the vaults of JPMorgan Chase is \$1.3 trillion, which is 12% of our collective cash, including the payrolls of many thousands of companies, or enough to buy 47,636,496,885 of these NFL branded toaster ovens. Thanks for your business!

A lot of people tend to focus on many of the other threats to our economy, but the number one potential threat that our economy is facing is the potential failure of the too big to fail banks. As we saw in 2008, when they start to fail things can get really bad really fast.

And as I have written about so many times, the number one threat to the too big to fail banks is the possibility of a derivatives crisis.

Former Goldman Sachs banker and best selling author Nomi Prins recently told Greg Hunter of USAWatchdog.com that the global economy "could implode and have serious ramifications on the financial systems starting with derivatives and working on outward." You can watch the full video of that interview right here.

And Nomi Prins is exactly right. Just like we witnessed in 2008, a derivatives panic can spiral out of control very quickly. Our big banks should have learned a lesson from 2008 and should have greatly scaled back their reckless betting.

Unfortunately, that has not happened. In fact, according to the OCC's latest quarterly report on bank trading and derivatives activities, the big banks have become even more reckless since the last time I reported on this. The following figures reflect the new information contained in the latest OCC report...

JPMorgan Chase

Total Assets: \$1,948,150,000,000 (just over 1.9 trillion dollars)

Total Exposure To Derivatives: \$70,287,894,000,000 (more than 70 trillion dollars)

Citibank

Total Assets: \$1,306,258,000,000 (a bit more than 1.3 trillion dollars)

Total Exposure To Derivatives: \$58,471,038,000,000 (more than 58 trillion dollars)

Bank Of America

Total Assets: \$1,458,091,000,000 (a bit more than 1.4 trillion dollars)

Total Exposure To Derivatives: \$44,543,003,000,000 (more than 44 trillion dollars)

Goldman Sachs

Total Assets: \$113,743,000,000 (a bit more than 113 billion dollars - yes, you read that correctly)

Total Exposure To Derivatives: \$42,251,600,000,000 (more than 42 trillion dollars)

That means that the total exposure that Goldman Sachs has to derivatives contracts is more than 371 times greater than their total assets.

How in the world can anyone say that Goldman Sachs is not being incredibly reckless?

And remember, the overwhelming majority of these derivatives contracts are interest rate derivatives.

Wild swings in interest rates could set off this time bomb and send our entire financial system plunging into chaos.

After climbing rapidly for a couple of months, the yield on 10 year U.S. Treasury bonds has stabilized for the moment.

But if that changes and interest rates start going up dramatically again, that is going to be a huge problem for these too big to fail banks.

And I know that a lot of you don't have much sympathy for the big banks, but remember, if they go down we go down too.

These banks have been unbelievably reckless, but when they fail, we will all pay the price.

(Copied from <http://theeconomiccollapseblog.com>)

Bylaag 2 – Dag 170-Dag 173 uit DIE STORIE AGTER DIE STORIE

Dag 170 – 'n Prostituit op haar laaste reis

Lees: Op. 17:1-18

Kan jy jou dit voorstel: die helderrooi dier met sy sewe koppe en tien horings! Aan die eenkant lyk hy soos 'n luiperd, met pote soos 'n beer en die bek van 'n leeu. Dan sien jy haar... wydsbeen op sy rug... uitdagend, uitgedos in pers en rooi, met allerlei goue en kosbare juwele om haar nek, arms en aan haar vingers. In haar hand is hierdie goue beker wyn.

Dit is die prentjie waarmee die voorlaaste deel van die boek Openbaring hoofstukke 17 tot 19, begin om die tyd tussen Jesus se eerste koms tot en met die wederkoms te beskryf.

Hier val die fokus op 'n samelewing sonder God wat ten spyte van die hoeveel kere wat Hy Sy liefde aan haar verklaar het, en die hoeveel kere wat Hy haar gevra het om Sy vrou en Sy bruid te word, gekies het om soos 'n prostituit haarself te verkoop teen die regte prys. Ter wille van die regte hoeveelheid geld, mag en genot is sy bereid om haar alles te gee aan wie ook al bereid is om te betaal. Is sy bereid om haar gewete te verkrag en die lewe en 'n leefstyl geanker in geloof in Jesus Christus te versmaai vir die genot en die sukses van die oomblik.

Hoe goed ken ons nie die prentjie van die prostituit dwarsdeur die Bybel nie! Dit was mos nog maar altyd die manier hoe die mens se afvalligheid en ontrou aan God beskryf is. Nie net as 'n manier om seksuele sondes te beskryf nie, maar alle sondes.

Soos die oer stad, Babilon, bekend was vir sy lewenswyse waar alles net gedraai het om besittings, genot en alles wat vir die oog en die hart van die mens

aanloklik gelyk het, so verkoop die samelewing oor alle tye haar siel aan die drie groot afgode: mag, geld en seks, en word alles verwing wanneer dit in God se plek ons lewens begin regeer.

Moet tog nie die mag bestel, polities en ekonomies, wat soos 'n dirigent agter die skerms alles met groot vertoon op die tafels van ons wêreld uitstal, vergeet nie! Wat natuurlik niemand anders as Satan met al sy verskillende vermommings aan is nie – het ons mekaar nou al 'n paar keer aan herinner!

Hoe goed ken ons dit nie in ons tyd nie! Soos Johannes in sy tyd en elke gelowige sedertdien, sien en beleef ons elke dag 'n mensdom wat smag na 'n lewe van tydelike bevrediging. Wat net skoonheid, sukses en geluk raaksien en blind is vir die dier waarop sy sit, wat dit alles met sy kloue en tande moontlik maak. Wat blind is vir die magte om haar en in haar wat haar elke dag drywe. Magte soos die bose en haar eie sondige natuur waarvan Paulus daar in Galasiërs 5 vers 19 tot 21 so treffend sê: *“Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nabyer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.”*

G'n wonder dat ons, as ons haar van nader beskou, opmerk dat sy dronk is nie! *“En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het.”* (Op. 17:6)

Bedwelm deur haar eie ongeloof en selfgesentreerdheid, huiwer sy nie om, as agent van die bose, die bloed van volgelinge van Jesus te vergiet as hulle sou waag om haar op enige wyse te probeer keer of deur hulle getuienis haar te probeer herinner aan die ramp waarop sy afstuur nie.

Die troos vir die gelowige volgelinge van Jesus lê daarin, sê die volgende verse van Openbaring 17 met al sy simboliek, dat ons kan weet dat ons God wêreldwyd (simbolies vasgevang in die sewe berge), tot en met die volheid van die tyd (simbolies vasgevang in die syfer 10) aan die werk is. Al beleef ons gedurende hierdie tyd hoe die vyand met die hulp van al sy agente God op elke manier sal teëstaan en God se ware volgelinge met alles tot hulle beskikking sal vervolg. Dit, weet ons, sal voortduur tot wanneer Christus weer kom.

Kyk ons met daardie oë na die wêreld om ons, sien ons, waar ons ook al kyk en lewe, hoe allerlei koninkryke, sy dit polities of ekonomies is, *“hulle koninkskap*

tot die dier se beskikking” stel “totdat God sy woorde in vervulling laat gaan, het” (Op. 17:17).

God het ’n plan en niks en niemand gaan dit stuit nie. Daarom, wat ook al rondom ons en in ons eie lewe gebeur, ons weet reeds hoe dit alles gaan eindig! Ons weet wat die eindtelling gaan wees! Die einde van alles staan vas. Niemand kan daaraan verander nie.

Daarom weet ons: hierdie dier, met die vrou op sy rug, is op pad hel toe! Twee keer hoor ons dit in hierdie gedeelte, in verse 8 en 11. Ons hoor ook dat sy verbrand gaan word (vers 16). Alles gaan uiteindelik op niks uitloop nie. Alles gaan uiteindelik net bydra tot haar straf en ewige pyniging wat voorlê.

Soos ons in die vorige hoofstuk van Openbaring vir mekaar gesê het: daar kom ’n dag wat hierdie vrou gaan agterkom en selfs sal moet bely dat alles wat sy nagejaag het, niks anders was as klatergoud nie!

Die einde is vasgepen: *“Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.” (Op. 17:14)*

Met dit in gedagte, kan ons nou terugkyk na die vrou op die dier en in werklikheid raaksien dat dit eintlik een reuse spotprent is waaronder geskryf staan: ’n Lewe sonder God is eintlik so leeg!

Dag 171 – Hierdie groot seepbel gaan bars

Lees: Op. 18:1-24

Die Engels praat van “hindsight”, daardie wysheid na die tyd as alles verby is en ons gesien het hoe dit afgeloop het.

Dit is waarmee God Sy mense voor die tyd wil toerus en bemoedig deur die boek Openbaring se boodskap. Dit is immers wat die Here deur hierdie profetiese boek wil doen. Hy vertel hier vir ons wat die uiteinde van alles gaan wees en hoe dinge gaan afloop sodat ons vandag en môre, terwyl daar nog tyd is, die regte keuses kan maak.

As die suksesvolle sakeman, of minister, of onderwyser, of boer, of tiener werklik glo wat hier staan, gaan hulle vandag en môre so anders lyk as toe hulle “nie geweet het nie”.

As ons werklik “die spotprent op die middelblad”, in Openbaring 17, met erns bejeën en die Redakteur se kommentaar in hoofstuk 18 lees, verander alles! Luister dus, volk van God!

“Hierna het ek ’n ander engel uit die hemel uit sien afkom. Hy het groot gesag gehad, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig. Hy het met ’n sterk stem uitgeroep: ‘Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bose geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere, omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid gedrink het. Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde.’

Toe het ek ’n ander stem uit die hemel hoor sê: ‘Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie. Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregthede onthou. Behandel haar soos sy julle behandel het, en vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het. In die beker waarin sy vir julle ingeskink het, moet julle vir haar twee keer soveel inskink. In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: ‘Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie.’

Daarom sal al die plaë haar op een dag tref: pes, droefheid en hongersnood. Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.”

(Op. 18:1-8)

Hoe verskriklik moet dit nie wees om eendag, as dit te laat is, te ontdek dat dit wat jy jou hele lewe nagejaag het, niks anders as ’n seepbel was nie! Dat alles: jou gesondheid, jou familie, jou tyd en jou energie waarvoor jy alles in jou lewe gegee het, letterlik in een oomblik in rook kan opgaan!

Wie die Bybel en sy boodskap met erns bejeën, kan nie anders as om dit te hoor en te weet nie! Hoeveel keer word daar nie in die Bybel gepraat van daardie een dag in die geskiedenis wat op pad is nie! Daardie dag wat die Bybel “die dag van die Here” noem.

Jesaja praat daarvan in Jes. 13:9 tot 13 as hy sê: Die Here waarsku ons: “... *Ek sal die hemel skud, die aarde sal uit sy plek uit geruk word, Ek, die Here die Almagtige, doen dit in my gramskap die dag wanneer my toorn ontvlam.*”

Die profeet Joël het al hieroor geprofeteer toe hy gesê het: “... *die dag van die Here kom, dit is naby... die vreeslike dag van die Here kom. Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Op Sionsberg en in Jerusalem sal daar uitkoms wees. So het die Here beloof. Dié wat deur die Here geroep is, is by dié wat gered is.*” (Joël 2:1,31-32)

Die profeet, Maleagi, het hieroor geprofeteer toe hy gesê het: “*Die dag kom en hy brand soos ’n oond. Dié wat teen God in opstand is, almal wat verkeerd doen, sal die kaf wees, en hulle sal verbrand word deur die dag wat kom, sê die Here die Almagtige. Daar sal van hulle nie ’n wortel, nie ’n tak oorbly nie. Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers. Julle sal die goddeloses vertrap dat hulle soos stof onder julle voete word die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige.*” (Mal. 4:1-3)

Van die eens magtige, suksesvolle wêreldstad, Babilon – as die toonbeeld van alles wat anti-goddelik en totaal demonies is – het daar vandag letterlik niks oorgebly nie. In 539 v.C. het die Persiese koning, Xerxes, Babel met die grond gelykgemaak, sodat dit vandag net ’n halte vir die trein na Bagdad is! So gaan daar van alles waarvoor die mensdom hulle hart aan afgode verpand het: sy dit genot, mag, geld, tydelike bevrediging, sekuriteit, weelde... niks... niks oorbly nie.

As jy werklik die gebeure aan die kruis en by die oop graf van Jesus Christus verstaan, begryp jy dat al ons gejaag na die aardse niks anders as ’n gejaag na wind is nie!

Dan verstaan jy dat ons moet kies waarin ons wil belê: die tydelike of die ewige, dit wat waarde het of dit wat in werklikheid geen waarde het nie. Dan verstaan jy Mat. 6:33 wat sê: “... *beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*”

Dan begryp jy wat Mat 6:20 bedoel as daar staan: “... *maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie*”.

Dag 172 – Die storie oor twee vroue

Lees: Op. 19:1-21

Openbaring 19 help ons ontdek dat die storie agter die storie van die Bybel eintlik gaan oor 'n vrou, of as jy wil tegnies wees, twee vroue. Die een vrou waaroor alles eintlik gaan, is die Bruid, of anders gesê, diegene wat gewillig hulle laat oorrompel het deur die liefde van Jesus, die Christus. Die ander vrou is dan die een wat nee gesê het.

Eintlik is dit merkwaardig om te ontdek dat die verhaal van die Bybel begin met God, die Vader, wat 'n skepping geskep het met 'n klein planeet, Aarde, tussen al die ander planete en sterre liggame. Op hierdie planeet het Hy lewe moontlik gemaak vir 'n mensdom wat Hy doelbewus na Sy beeld geskape het. Uit hierdie mensdom sou Hy, as Vader, vir Sy Seun 'n bruid kies. Mense wat Sy Seun met passie kon liefhê met alles wat hulle het omdat hulle ontdek het, glo en beleef dat Hy hulle met alles in Sy wese liefhet.

Daarom eindig die Bybel, heel gepas, hier in Openbaring 19 in die laaste van die sewe dele van Openbaring, met die bruilof tussen die Bruid en die Bruidegom.

“Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: ‘Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.’ Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges.

Toe sê die engel vir my: ‘Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.’ Verder sê hy vir my: ‘Dit is die woorde van God, en hulle is waar.’” (Op. 19:6 tot 9)

Die hele geskiedenis van die mensdom kan dus tot hierdie liefdesverhaal gekondenseer word. Oor hoe die Vader alles gereed gemaak het en in die fynste detail beplan en bewerk het sodat die Bruid, die ware ekklesia of kerk van die Here Jesus, wat Hy gekies het vir Sy geliefde Seun, uiteindelik geheilig, rein en gereed op daardie dag van hulle troue sal wees.

Dit beteken dus dat wat ook al tans, vandag, in jou en my lewe aan die gebeur is as gelowige volgelinge van Jesus, is alles deel van die groter plan naamlik om ons finaal gereed te maak vir daardie dag!

Daarom het Jesus gekom, sê die boodskap van die evangelie, om alles te doen wat nodig was. Deur Sy dood en oorwinning aan die kruis het Hy jou te red uit die midde van die mensdom. Jy was immers ook maar soos die res besig om jouself soos 'n prostituut te verkoop aan die een wat maar net bereid was om die regte prys te betaal. Net omdat jy jou hand in geloof uitgesteek het en bereid was om in geloof te roep dat Hy jou moet kom red, het Hy jou uit die modder slyk kom uithaal. Ja, jy was soos die res om jou eintlik reeds dood, reeds verdoem, maar toe het Hy jou lewend gemaak deur Sy Gees in jou te gee, om so vir jou 'n nuwe hart en gees te gee. Ja, daarom is Sy Gees tans in jou besig om jou deur Sy heiligmakingswerk elke dag gereed te maak vir daardie dag van die Bruilof.

Openbaring 19 en 20 sê dan is daar ook natuurlik 'n ander soort dag wat wag op die ander vrou wat nee gesê het vir Sy liefde. Vir haar wag daar uiteindelik net God se oordeel. Hoor hoe sê Johannes dit daar in Johannes 3: *“God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie. En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg.”* (Joh. 3:16-19)

Daarom kan die tyd van Jesus se koms tot by Sy wederkoms ook gesien word as hierdie Ruiters op die wit perd wat deur die geskiedenis ry op pad na die einde. Op pad om vir Homself 'n vrou te kom haal. Op pad na daardie finale dag waar die groot stryd tussen donker en lig wat tans aan die gang is, finaal verby sal wees en waarmee die tyd van genade, die tyd om nog ja te sê op die liefdes aanbod van die Bruidegom deur Sy Woord, finaal verby sal wees.

Hoor hoe staan dit in Openbaring vir ons opgeteken: *“Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiters word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog. Sy oë het soos vuur gevlam, en op sy kop was daar baie heerserskrone. Daar was 'n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self. Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: ‘Die Woord van God.’*

Die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aan gery. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad. Uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref, en Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer. Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en die oordeel van God, die Almagtige. Op sy klere, by sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: 'Die Koning van die konings en die Here van die heersers.'

Toe het ek 'n engel by die son sien staan. Hy het met 'n harde stem uitgeroep en vir al die roofvoëls, wat hoog in die lug vlieg, gesê: 'Kom, kom bymekaar vir die groot feesmaal wat God gereed maak! Kom eet die vleis van die konings, die vleis van die opperbevelhebbers, die vleis van die magtiges en die vleis van die perde en hulle ruiters, ja, die vleis van allerhande mense: vryes en slawe, klein en groot.'

Toe het ek gesien dat die dier en die konings van die aarde met hulle leërs bymekaargekom het om oorlog te maak teen die Ruiter op die wit perd en teen sy leër. Die dier is toe gevange geneem en saam met hom ook die vals profeet wat die wondertekens vir die dier gedoen en daarmee die mense mislei het wat die merk van die dier aanvaar en sy beeld aanbid het. Hulle twee is lewend in die vuurpoel gegooi wat met swael brand. Die ander mense is doodgemaak met die swaard wat uitgegaan het uit die mond van die Ruiter op die wit perd." (Op. 19:11-21)

Dag 173 – Vrede midde al die chaos

Lees: Op. 20:1-15

'n Mens se verklaring van Openbaring 20 openbaar vinnig hoe jy hierdie hele boek Openbaring verstaan: óf as baie letterlik, óf as 'n profetiese boek vol simbole.

Jy weet waar ek staan of val. Ek glo dat daar oorgenoeg bewyse in die boek Openbaring, is dat dit as 'n profetiese boek in geheel verstaan wil word. Daarom, glo ek, moet ons Openbaring 20 ook as deel van hierdie profesie verstaan.

In die teologiese wêreld is Openbaring 20 se verstaan ook die toets of jy tipies chiliasties (chilioi is die Grieks vir 1000) dink (hulle staan ook bekend as

“millennia liste”), of eerder as ’n “post-millennia lis” na sekere gegewens in die Bybel kyk.

’n Tipiese “Chilias” glo, heel vereenvoudig, dat die duisend jaar (= millennium) van vrede, waarvan ons in hierdie hoofstuk in die Bybel lees, ’n letterlike 1000 jaar is waarin Jesus weer op aarde gaan verskyn om saam met Sy mense te regeer. Gedurende die tydperk sal daar ’n massa bekering onder die Jode plaasvind en gaan hulle na Israel terugkeer. Aan die einde van die duisend jaar sal Jesus na die hemel teruggaan en die gelowiges saam met Hom neem (ook bekend as die “wegraping”). Satan sal vir ’n kort tydjie losgelaat word om die mense op aarde verder te verlei. Daar sal ’n geweldige vervolging plaasvind van diegene wat in die tyd tot bekering kom wat dan tot die tweede wederkoms sal aanhou en deur die finale oordeelsdag beëindig sal word.

Soos ek gesê het, glo ek nie dit is die boodskap van die Bybel en van Openbaring 20 nie. Kom ons lees saam wat hier staan en probeer dan saam verstaan wat eerder hier staan.

“Toe het ek ’n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met ’n groot ketting in sy hand. Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind. Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy ’n klein rukkie losgelaat word.

Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer. Dit is die eerste opstanding. Die ander dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar om was nie.

Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

Wanneer die duisend jaar om is, sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word. Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog... en

die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel af gekom en hulle verteer. Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het... Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.” (Op. 20:1-5)

Jesus het self, net na Sy opstanding uit die dode – en dus nadat Hy elke mag wat 'n houvas gehad het op die mens, se mag verbreek het met Sy dood en bloed wat gevloei het – aan Sy dissipels gesê: “*My vrede gee Ek vir julle*” (Joh. 14:27). Dit is daardie vrede wat die engele reeds aangekondig het met Sy geboorte toe hulle gesing het: “*Vrede op aarde...*” (Luk. 2:14). Dit is daardie vrede waarvan Paulus daar in Rom. 5:1, en ook Ef. 2:14 tot 19, praat as hy skryf van God wat ons nou vrygespreek het... Daarom is daar nou vrede tussen ons en God. Dit is hierdie vrede, glo ek, waarvan hier in Op. 20 sprake is.

Efesiërs 2:6 sê ek en jy sit nou alreeds saam met Christus in die hemel en regeer! As hier dus in Openbaring staan dat ons saam met Christus vir 'n duisend jaar sal geregeer, weet ons mos reeds dat die getal 1000 die getal-simbool is wat die volle tydperk van Christus se eerste koms tot by Sy wederkoms beskryf.

Die volgende vraag is natuurlik: Maar hoe moet ons die “binding van Satan” verstaan?

Dit lyk vir my, in die lig van die hele boodskap van die evangelie en ook die boek Openbaring, dat met Christus se oorwinning deur Sy kruisdood en opstanding, die vyand in wese reeds verslaan (en dus gebind is). Hy kan dus nie meer na willekeur in sy onbeheersde krag en mag opereer nie. Na die kruis- en opstanding gebeure kan hy net beweeg waar God hom nog tydelik ruimte gee om te beweeg. Jesus Christus is immers nou reeds die nuwe Koning en totaal in beheer. Al ruimte wat die bose het om te beweeg is waar hy deur die mag van

sonde, die wet, die begeerlikhede van hierdie wêreld en deur die mag van die dood, 'n houvas en openinge het of kry om sy verwoestingswerk te verrig.

Ook hierin is hy in 'n ander sin reeds gebind, want die gelowige volgeling van Jesus het reeds die innerlike krag en vermoëns in Jesus se Naam om hom te weerstaan en hom selfs te laat wegvlug (vgl. Jak. 4).

Die volgende begrip waaroor baie mense wonder is wat die “*eerste opstanding*” en “*tweede opstanding*” dan sou beteken. Die “*eerste opstanding*” is bloot dat ons hier op aarde sterf, en dan deur die “*dieper slaap*” van die dood deurgaen, soos deur 'n deur, om dan onmiddellik by die Here “*wakker te word*” (vgl. 1 Tess. 4:14-18). Die mense wat sonder Christus sterwe het egter nie hieraan deel nie.

Die “*tweede opstanding*” verwys dus na daardie omvattende Opstandingsdag wat saamval met die wederkoms van Christus wanneer alle mense in hulle liggame opgewek sal word: die gelowige volgeling van Jesus met hulle verheerlikte nuwe liggame en die ongelowiges om die “*tweede dood*” te ontmoet te gaan in die ewige verderf.

(Nel, C. A. 2010. Die Storie agter die Storie. Outeur: Somerset-Wes.)